

**Werkblad: Die byvoeglike naamwoord – Intensiewe vorm – Graad 9**

**Punte: 30**

---

**Vraag 1: [30]**

Gee die korrekte intensiewe vorm vir die woord tussen hakies:

- a. Die ou meisietjie het darem (baie vaal) haartjies.
- b. Die kinders is nog (baie jonk) en het ouer toesig nodig.
- c. My oupa loop met 'n kerie omdat sy rug so (baie krom) is.
- d. Ek was (baie tevrede) met die Bokke se uitslag teen Skotland.
- e. My suster lyk vreeslik omdat sy haar hare (baie swart) gekleur het.
- f. Ek het my (lam) geskrik toe ek die spook in die venster sien.
- g. Ek het vir my meisie 'n bos (baie rooi) rose gekoop.
- h. Ek is op 'n dieet want ek wil so (skraal) soos daardie meisie wees.
- i. My pa het vir my 'n (nuut) fiets vir my verjaarsdag gekoop.
- j. Omdat hy in waardes en norme glo en daarby hou, staan hy (vas) teen die aanslae van die lewe.
- k. Hulle het die staproete (fyn) beplan.
- l. Hulle was (moeg) na die lang stap.
- m. Hy is seker baie honger en het geen kos nie, want hy lyk dan so (maer).
- n. Die duur wyn is baie sleg – dit is (suur).
- o. Is jy (seker) dat jy die uitnodigings gepos het?
- p. Die aktrise is (baie beroemd).
- q. Die man het sy vinger met die saag (af) gesaag.
- r. Die taxi was (vol) passasiers gelaai.
- s. Ek hoop dat die krat met giftige slange (dig) is.
- t. Die tannie se seun is baie slordig want hy is (baie lui) om sy kamer skoon te maak.
- u. Ek wil (baie graag) die flielk gaan sien.
- v. Die perd is nie meer so wild nie – hy is eintlik (baie mak).
- w. Dit is nog (baie donker) as ek skool toe ry.
- x. Die tannie moet haar tuin natlei, want dit is (baie droog).
- y. Die klas is (baie stil) vandag, want hulle is besig om toets te skryf.
- z. Die pil wat ek gedrink het was (baie bitter).
- aa. Ek was (alleen) by die huis toe my ma-hulle oorsee was.
- bb. Ek was (baie nat) toe ek in die reën gespeel het.
- cc. My oupa is (baie suinig) met sy geld.
- dd. Die lug is vandag (baie blou) na gister se lekker reën.